# DIE SWART LUIPERD

No. 30

## Bloed op die maan



braam le roux

Die Luiperdman buk haastig en tel 'n brandende fakkel op. Hy gooi dit die volgende oomblik teen die grasdak vas en dadelik begin die hut vlamvat. Dan hardloop hy uit met twee stukke brandende stompe in sy hand. Hy slinger altwee kort namekaar na die naaste twee hutte, en dan hardloop hy agter die brandende, skreeuende Goti aan. Hy haal die toordokter in, want Goti val so baie op die grond neer om die vlamme te probeer blus, dat hy nie vinnig kan beweeg nie. Die geskree van die feesvierende swartes is te hard, sodat hulle nie dadelik Goti se krete hoor nie.
Skielik sien hulle egter die Swart Luiperd wat agter die skreeuende Goti aanhardloop.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Wit Skilde | 3 |
| 2. | In die Donker Hut | 23 |
| 3. | Aanbidders van die Maan | 44 |
| 4. | Die Groot Een | 66 |
| 5. | Die Oerwoud Rus | 91 |

Hoofstuk 1

# DIE WIT SKILDE

Die môre breek helder in die ooste, verjaag die laaste misbankie wat laag oor die berg gesweef het. Nou is daar geen teken van vog in die helder blou lug nie en daar is geen windjie wat trek nie, maar tog is dit nie warm nie, nie onuithoubaar warm nie. Vir die inwoners van die oerwoud is daar nogal 'n skerp luggie wat prikkel en tot aksie aanspoor.

'n Klompie gorillas kom met 'n bobbejaanpaadjie al geselsend teen die hang van die groot Sneeuberge af. Af en toe gaan staan hulle stil om onder 'n groot rots om te snuffel of ver oor die oerwoudlandskap te tuur.

Die omgewing is vreedsaam; daar is niks wat die gorilla-trop verontrus nie. Hulle merk nie die twee figure wat hulle aandagtig dophou. Die een gestalte wat daar neerhurk, is groot, met breë skouers en spiere wat onder sy noupassende swart hemp wys. En langs hom is 'n opgeskote seuntjie van vyf jaar oud. Maar die knapie is reeds baie stewig vir sy min jare. En toe hy opstaan en geruisloos oor 'n groot rots klouter, wys die spiertjies op sy kuite duidelik. Die outjie is bruin gebrand, en die twee ogies is wakkerbruin ogies, net soos die bloues van sy vader, wat van agter 'n masker na die bewegende gorillas loer.

Die figuur van die seuntjie se vader is glad nie so imponerend nie. 'n Swart mondering bedek hom van sy nek tot op sy enkels. Die skoene wat hy aanhet, is swart velskoene, en die masker oor sy gesig laat hom na 'n tier lyk, 'n wilde swart luiperd. Wanneer mens nie sy liggaam sien nie en hierdie gemaskerde kop van hom hier agter 'n rots uitloer, sou jy sweer dat hy 'n regte tier is.

Die Swart Luiperd, heet hierdie frisgeboude, gespierde man van die veld en die bosse. In die beskawing en ver op sy plaas in Noord-Transvaal noem die boere hom Leon Fouché, maar hier in

die oerwoud ken die primitiewe volk hom as die Luiperdman, die Gees van die Bosse, die man met sewe lewens, die Swart Luiperd, nemesis van die oerwoudskurk, beskermer van die diere en die klein volkies van die bosse, die pigmeë, en alle primitiewe rasse wat vreedsaam intiem met moeder aarde wil leef, wat die bosse en die roepstem van die natuur innig liefhet.

En vanoggend is die Luiperdman en sy vyfjarige seuntjie hier agter die rots verskans om 'n moordenaar in te wag. Rakolo, die magtige, die mensvreter-aap wat reeds twaalf meisies op sy kerfstok het en wat van geen ander kos lewe as die vetgevoerde meisies van die swart statte in die omgewing nie. Hy dra hulle lewend weg, maar hulle kom nooit weer terug nie. As hy brul, sidder die aarde en sy verskriklike stem oordonder die geskree van sy slagoffers. Geen swarte waag dit egter in die Sneeuberge nie, want sedert die vroegste tye is die Sneeuberge vir hulle verbode, die verblyfplek van die gestorwenes. En Rakolo is 'n slim gorilla en veel groter as die ander gorillas, volgens die beskrywings van die verskillende statte wat al met hom te doen gehad het. In die middernaguur slaan Rakolo toe, dam sy slagoffers by en vlug met hulle die Sneeuberge in. Die meeste swartes vrees Rakolo met 'n doodse vrees, want hulle noem hom 'n heilige aap wat geregtig is op sy slagoffers. Die gestorwe voorvaders moet leef en Rakolo voer hulle!

'n Paar kapteins het die Luiperdman, die Gees van die Bosse, egter kom spreek en hulle het hom vertel van Rakolo, die magtige mensvreter-aap. En daarom is die Luiperdman nou al vir sewe dae elke oggend hier, hy en sy seun Bennie met sy tiervel-broekie en die vel van 'n muskeljaatkat oor sy skouertjies.

Nie een van die groepie gorillas lyk vir die Luiperdman na 'n mensvreter nie. Die gesin wat nou daar in die bobbejaanpaadjie langsaam en op hulle gemak afbeweeg, is ou Bart se groepie, soos die Luiperdman hulle self gedoop het. Ou Bart, die gorillamannetjie, met sy jonger mannetjies en wyfies en kindertjies slaap tussen die rotse waar dit veiliger is, net soos die Luiperdman, sy seun en





Sonet. En elke môre loop hulle in hierdie paadjie af na die bosse waar hulle die hele dag baljaar en kos soek, soos ordentlike gorillas.

Die gorillas van die Sneeuberge ken ook al reeds die Luiperdman en sy gesin. Hulle is ou kennisse. Hulle vlug nie meer wanneer hulle die tweebeen-tierman sien nie; groet net met 'n luide kreet en gaan dan maar weer voort met hulle daaglikse roetine. Die Luiperdman is dus oortuig daarvan dat die gevreesde Rakolo nie een van ou Bart se mense is nie. Daarvoor ken hy ou Bart en sy familielede te goed.

Net gisteraand het Rakolo weer 'n meisie gevang. Dit is die kaptein se dogter en moes vandag getrou het met 'n krygsman van 'n naburige stat. Die lobola, twaalf beeste, is alreeds vir haar betaal. Natuurlik het die verdwyning van Marimatso kwade gevoelens tussen die twee stamme veroorsaak. Die bruid se vader glo nie die storie van die verdwyning van Marimatso soos kaptein Nlambi dit vertel nie; hy glo nie dat Rakolo haar ontvoer het nie. Hy glo dat Nlambi hom 'n streep trek.

En daarom het Nlambi die Luiperdman se hulp kom inroep. As Marimatso nie gevind word nie, sal daar sekerlik oorlog tussen die twee stamme uitbreek. En net die Luiperdman kan daardie bloedvergieting verhoed. Maar eers moet hy bewys dat Marimatso dood is; dat Rakolo haar gesteel het.

Bennie loer om na sy vader toe en hy glimlag sodat sy gesonde stel wit tande wys.

,,Dit is maar net ou Bart, Leon. Wat doen ons nou?''

,,Ons sal 'n plan moet maak, Bennie. . . Daar het ou Bart ons nou gehoor.''

Bennie het skaars begin praat, toe was daar onrus in die geledere van die gorillas. Bart sit hoog op 'n rots. Sy arendsoë soek daar na Leon en Bennie se kant toe, maar hy bespeur hulle nog nie. Die trop staar ook in hulle rigting, bewegingloos, gereed om te storm of te vlug, wagtend op hulle leier se teken.

Die Luiperdman besluit om hulle nie onnodig in spanning te hou nie. Hy beweeg agter die rots uit. Die strale van die son val vol op hom en nou lyk hy soos 'n monster uit die een of ander legendariese wêreld. Bennie wip ook agter die rots te voorskyn en kom hier langs die Luiperdman staan. Hy het sy pyl en bogie in sy hand. Die gorilla-trop skrik egter nie. Ou Bart begin op sy bors tamboer speel en dan weerklink sy welkom-groet aan die Luiperdman wat net soos hy met sy famiie hier teen die hang van die Sneeuberge woon. Hulle gaan weer dadelik aan die kos soek, en 'n paar van die gorillas hou vir Leon en Bennie dop.

,,Leon, kom ons vra vir Bart of hy vir Rakolo ken. Toe, Leon!" kom dit skielik van Bennie.

Die Luiperdman lag gedemp.

,,Dit is 'n goeie plan, Bennie, maar hoe gaan ou Bart ons taal verstaan en hoe gaan ons hom verstaan?"

Die klein seuntjie se voorhoof trek op 'n plooi.

,,Maar hoekom kan ou Bart nie praat nie?"

,,Ek kan daardie vraag nie beantwoord nie, Bennie. Persoonlik dink ek dat hy oorgenoeg brein het, weet jy?"

Hulle draai hulle rugge op die trop. Die Luiperdman stap diep in bepeinsing, maar op die huidige oomblik het Bennie geen kommer nie. Hier het 'n groot haas voor hom opgespring en so honderd tree van hulle af weer gaan lê, en nou is die seuntjie van die veld besig om hom te bekruip, voetjie vir voetjie.

Die Luiperdman steur hom nie aan Bennie nie. Hy dink vanoggend baie diep. Hy sal gou moet uitvind waar Rakolo skuil, voordat die monster nog verdere verliese veroorsaak. Die swartes is reeds skrikbevange. Hy weet dat ou Bart se trop nie in staat is om so 'n roof uit te voer nie. Buitendien is hulle geen vleiseters nie. In Midde-Afrika, so 'n duisend myl van hierdie oerwoud af, het hy al die bloedape teengekom, regte vleiseters, maar hy glo nie dat daardie soort gorillas hier hou nie. Dit lyk ook nie of hierdie Rakolo die meisies opvreet nie, want hy dra hulle glo heelhuids weg, ten





minste so beweer die inboorlinge. Mens kan ook glad nie peil trek op wat die swartes jou vertel nie. Hulle besit 'n magtige verbeelding, en oordrywing is een van hulle kenmerke. Hulle kon hom glad nie eens 'n spoor van hierdie gevaarlike en groot gorilla wys nie. Hulle vertel dat hy die Sneeuberge invlug, maar dit is tog snaaks dat hy nog nooit 'n teken van Rakolo teengekom het nie. Wat vir die Luiperdman die eienaardigste is, is dat die inboorlinge so met vrees bevange is dat hulle nie teenstand bied nie. Die toordokters het hulle verbied om na die dier te skiet. As hulle skiet sal glo 'n groot ramp hulle tref, want Rakolo is 'n heilige aap wat deur die voorvaders gestuur word. Van al die opperhoofde is dit net Nlambi wat dink dat die toordokters verkeerd is, en dit is hy wat vir Leon gevra het om jag te maak op die geheimsinnige Rakolo.

Die Luiperdman klouter oor 'n rots. Hy skud sy hoof by die gedagte aan die inboorlinge se bygeloof. Hy wat die Swart Luiperd is, weet dat dit etlike eeue sal duur voordat die primitiewe volke van donker Afrika hulle bygelowe en hulle swart kunste afgesterf het. Hy glo nie dat die Kikoejoes, die Masai en die pigmeë ooit beskaafd sal raak nie—nie in die sin van die witman nie. Op hierdie oomblik is alle rasse van die bosse met vrees en bewing vervul. Hulle staan nie saam op teen die nuwe bedreiging nie, maar beskou dit dadelik as iets bonatuurliks. Daar is selfs stamme wat hulle jong meisies buite laat slaap uit vrees dat die toorn van Rakolo sal ontvlam, hierdie keer teen hulle wat hulle meisies probeer wegsteek. Vir hierdie geesteshouding is die toordokters verantwoordelik. En wanneer die primitiewe volke eers toelaat dat die toordokters oorneem, kan enigiets gebeur. Die toordokters soek altyd vir 'n sondebok, en dan word onskuldige swartes soms ter slagting gelei. Die tamboere het gisteraand reeds onnodig aanhoudend en hard aangekondig dat die volmaanfeeste môreaand begin. Die tamboere se boodskap gisteraand was dat die toordokters die volk oproep tot luisterryke feeste.

Die Luiperdman voel onrustig oor die toedrag van sake. In die verbeelding van die inboorlinge is Rakolo verhef tot 'n gees uit die skuilplek van hulle gestorwe vaders. Hulle vrees hom, maar tegelykertyd bewonder hulle hom. Selfs die Luiperdman beskou die geheimsinnige ontvoerder nie meer as 'n gorilla nie, nie meer bloot as 'n geheimsinnige skrikaanjaging nie, maar as iets wat doelbewus daargestel is deur iemand wat die inboorlinge wil uitbuit. Dit is sy, die Swart Luiperd, se plig om so gou doenlik iets meer oor hierdie geheimsinnige besoeker uit te vind. Voordat hy Rakolo nie self gesien het nie, moet hy aanneem dat die monster slegs in die verbeelding van die inboorlinge bestaan.

Die Swart Luiperd nader nou 'n rotshoogte teen die hang van die berg. Agter die rotse op die hoogte kronkel 'n dun stroompie rook die lug in. Hy weet dadelik dat Sonet reeds 'n smaaklike ontbyt voorberei het.

Leon Fouché, in die oerwoud bekend as die Luiperdman, kom af en toe na die oerwoude toe vergesel van Bennie en Sonet, en wanneer hulle hier is, geniet hulle dit net soos hy, want ook hulle is kinders van die natuur. Sonet se ouers is al lankal dood en Leon s'n ook. Leon het Sonet juis hier in die oerwoude van Kenia ontmoet toe sy by haar oom ingewoon het en hy net betyds was om hulle van 'n gewisse, verraderlike oerwouddood te red. Sedertdien is hy en Sonet saam, en nou is Bennie ook daar, die vyfjarige oerwoudmeisie wat reeds leer jag het, leer spoorsny het soos 'n wildehond.

Die Luiperdman kies 'n oopgetrapte paadjie wat teen die hoogte oploop. Net vir 'n oomblik is hy bewus van die kop van 'n luiperd wat agter 'n rots uitloer, maar hy steur hom nie daaraan nie, want hy weet dat dit een van sy stuitige tiers is wat seker nog die joos in is omdat die Luiperdman en sy seun sonder hulle die veld ingestap het. Die Luiperdman weet presies wat hy kan verwag as hy by daardie rots gaan verbystap. Simson, die spelerige tiermannetjie, lê gereed om hom te bespring. Dit gebeur elke môre dat Simson kastig wegkruip en dan grommend op hom afduik soos 'n wafferse





wilde luiperd. Maar die Luiperdman is vir hom oorgehaal.

Skaars is die Luiperdman by die rots verby waaragter Simson skuil, of die luiperdmannetjie vlieg brullend deur die lug. Hy sorg altyd dat hy net kort spring, en die Swart Luiperd swaai blitsvinnig om en gryp na die tier. Hy kry die groot kop beet en die volgende oomblik vang hy Simson in 'n skroefgreep vas. Hy druk die kop effens, maar dan begin hy lag en los die luiperd wat sulke kort gromgeluidjies uiter om te toon dat hy glad niks bedoel het nie en dat hy nog net so geheg is aan sy tweebeenmaat as altyd.

Nou sluip Simson kastig voor hom uit tot bo-op die hoogtetjie waar hy die luiperdwyfie, Spikkels, onverwags bydam waar sy heerlik op 'n gladde klip in die son lê en bak.

Sonet staan by 'n knetterende vuurtjie. Haar swart hare blink in die sonlig. Dit hang tot op haar skouers. Sy groet die Luiperdmannetjie met 'n verwyt.

,,Dit is die laaste môre wat jy en Bennie hier uitsluip en my alleen in die grot laat lê en slaap! Ek wou ook vroeg opgestaan het.''

Die Luiperdman lag net, maar antwoord nie. Hy skuif die masker van sy gesig af, en nou is dit 'n fynbesnede, skoongeskeerde gelaat wat na Sonet opkyk. Leon het swart hare en blou oë wat die vertes van onbekende oorde met 'n vreemde gloed weerspieël. Hy hou nou die soepele bewegings van Sonet se liggaam dop. Sy het ook plat velskoene aan. Haar jagtersdrag bestaan uit 'n pragtige tiervel-mondering wat die tropiese son van haar liggaam afweer, maar wat ook toelaat dat haar gebruinde bene en arms van die sonstrale geniet.

,,Wat het jy vanoggend om te eet, Sonet?''

,,Heerlike mieliepap en souserige ribbetjies, die laaste van die blouwildebees wat jy 'n week gelede geskiet het.''

,,Dit is heerlik. Laat ons begin.''

,,Waar is Bennie?'' vra Sonet skielik.

Net op daardie oomblik spring Simson en Spikkels orent en hardloop met die paadjie die helling af. Bennie skree daar van

onder af:

,,Leon, Sonet, ek het 'n groot haas geskiet—so groot soos 'n wildebees!''

Sonet en Leon tuur ook na benede. Die outjie sukkel teen die steilte op met die haas in albei hande. Die pyl steek nog in die dier se liggaam.

,,Bravo, Bennie!'' roep die Luiperdman. ,,Dit is 'n groot haas, maar nog lank nie so groot soos 'n wildebees nie!''

Uitasem kom die outjie hier by hulle aan en sê verontskuldigend:

,,Maar hy is amper net so groot. Is dit nie, Sonet?''

Sonet lag en stem saam met hom.

,,Ja, Bennie, feitlik net so groot. Sit die haas daar neer. Ek sal van hom 'n pastei maak. En kom eet nou.''

'n Rukkie later sit die drie heerlik om die brandende vuurtjie en eet. Simson en Spikkels lê en kou aan die sebra wat hulle gister platgetrek het. Sonet het nou net met hulle geraas omdat hulle die stinkende ding so naby haar ,,huis'' gesleep het, maar salig onbewus van wat haar geraas beduie, lê die twee maar stertkwispelend en kou.

Sonet se huis bestaan uit 'n grot wat onder twee yslike granietrotse inloop. Hulle slaap net in die grot. Voor die grot is die grond skoon gevee en dit dien as haar ,,kombuis en eetkamer.'' Van waar hulle sit en eet, kan hulle die wye wêreld onder hulle op hulle gemak bespied. Aan die hange van die berg voor hulle groei daar geen bosse nie, net enkele doringstruike, maar aan die voet van die berg vloei 'n rivier verby en op die walle van daardie rivier groei die boomreuse bankvas.

Niemand kan die Luiperdman se vesting egter nader sonder dat hy gesien word nie. Agter die skuiling skiet die sneeubedekte spits van die Sneeuberge die ruimtes in. Van daar af kan ook niemand hulle nader sonder dat Simson of Spikkels of almal hom dadelik gewaar nie.

Die Luiperdman se vesting is dus geleë op 'n soort troon van





waar hy die wêreld om hom met gemak kan betrag.

,,Die tamboere was weer doenig vannag,'' verbreek Sonet die stilte.

,,Ja, hulle word aangespoor om van môre aan af fees te vier. Ek vrees die kapteins het geen mag meer nie. Die toordokters neem oor. Ek weet nie wat gaande is nie, dit lyk of die toordokters 'n doel het met hierdie fees.''

,,Wat van Rakolo? Het jy hom al teengekom?'' vra Sonet.

,,Ek vrees daardie aap bestaan nie. Miskien net in die inboorlinge se verbeelding, maar ek is van plan om vandag uit te vind wat gaande is, of altans meer uit te vind.''

,,Hoe?'' vra sy besorg.

,,Eers gaan ek na Nlambi. As hierdie Rakolo bestaan, moet hy 'n spoor nalaat, en tot dusver het niemand my nog op sy spoor gebring nie. Nlambi sal my vandag in hierdie opsig moet bevredig.''

Bennie gooi die beentjie waaraan hy gekou het, ver van hom af weg en dan spring hy op.

,,Ek gaan saam, Sonet. Ek gaan saam!'' huppel hy.

Die Luiperdman skud sy kop egter beslis.

,,Nee, Bennie, jy kan nie. Jy moet hier bly. Net ek gaan alleen. Spikkels en Simson bly ook hier. Julle moet almal na Sonet kyk totdat ek terugkeer.''

Bennie staar op na Sonet se glimlaggende gesig.

,,Ek sal na Sonet kyk, ja. Ek is mos al groot. Ek en Spikkels en Simson kan mos gaan jag.''

,,Ja, julle kan, Bennie, maar nie ver nie. Net tot by die rivier en dan weer terug tot by die kranse. Julle moet altyd naby Sonet bly,'' beduie die Swart Luiperd taktvol.

Bennie is heeltemal tevrede met die posisie en hy gaan sit weer heerlik op die klip en begin sy pyle skerp maak.

'n Paar minute later lyk die Luiperdman weer soos 'n halfdier of halfmens. Hy hardloop agter om die twee groot rotse op die hoogte